

**Sing vooraf:** Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewende, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemelen die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus, deur die kragtige werk van die Heilige Gees.

**Amen**

Psalm 68:9 (p. 334)

9 Geloof sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

**Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 27:4 (p. 127)

4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."  
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.  
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.  
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 12:12-31

**Teks:** Hebreërs 9:7-9; Kategismus Sondag 25

**maar in die tweede (tabernakel) die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan – waarmee die Heilige Gees dit duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie. Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie,**  
(Hebreërs 9:7-9 AFR1953)

Dit is noodsaaklik dat ons geloof moet hê, want daar staan in die brief aan die Romeine geskrywe dat die regverdige deur die geloof sal lewe.

- Met ander woorde iemand wat nie *die regte geloof* het nie, sal nooit in die hemel kom nie.
- Dit is waar dit in kort op neerkom.

Dit is waarom ons die sakramente van die Here ontvang.

- Hulle moet ons geloof versterk.
- Hulle is dus hulpmiddels wat die Here gee, op ons pad na God se koninkryk toe.

*Daar is egter ook 'n groot gevaar aan verbonde om die sakramente te gebruik – want ons kan die sakramente verkeerd gebruik, en dan dien dit nie tot opbouing van ons geloof nie, maar tot ons verdelging.*

Dit is waarom daar in die Nagmaalsformulier geskrywe staan dat die mense wat met 'n verkeerde lewe en gesindheid volhard, byvoorbeeld die Nagmaal vier, 'n oordeel oor hulleself eet en drink.

- Dit beteken dat God hulle juis gaan straf omdat hulle die sakrament gebruik het, want hulle moes nie aan sy tafel gewees het nie.
- Die Here het besliste voorkeure oor wie Nagmaal mag gebruik, en wie se kinders gedoop mag word.

Dit is ook waarvoor die tug in die gemeente is.

- Die onheiliges moet juis deur die tug van die Nagmaal weerhou word, en hulle kinders kan ook nie gedoop word nie.
- Hierdie weerhouding moet dien tot hulle bekering.

Hieruit is dit nou al klaar seker dat daar 'n baie dieperliggende saak agter die sakramente is.

- Dit is dat die Drie-Enige God in en om die sakramente werk.
- Ons menslike verstand en insig skiet dikwels tekort om die dinge alles te kan verstaan.
- Dit is by die doop maklik om te verstaan en onmiddellik te snap dat God die Vader, wat die verbond met die mensgeslag opgerig het, deur die doop tot ons spreek.
- En dit is byna voor die hand liggend dat Jesus Christus ons met sy kruisdood in hierdie verbond van genade en ewige lewe inlyf, want ons lees mos ook in die formulier dat ons deur die doop in Christus se dood ingelyf is.
- Maar hoe verklaar ons God die Heilige Gees se werk by die doop so eenvoudig?

Net so by die Nagmaal.

- God die Vader het die Pasga ingestel as 'n preek dat die Verlosser uit die dood aan die kom is.
- Hy het die vastheid van sy Raadsplan bewys deurdat Christus toe werklik gebore is soos die Vader beloop het.
- Ons hoor en verstaan by die viering van die Nagmaal dat die fees gerig is op die verlossing self soos wat dit deur Jesus Christus volbring is.
- Sy liggaam is gebreek en sy bloed is vergiet sodat Hy daarmee die straf wat God oor ons beskik het, gedra en afgehandel het.
- Maar wat van God die Heilige Gees se werking tydens die Nagmaal?

Blykbaar het die mense in die tyd van die Reformasie al die probleem gehad met die sakramente dat die werking van God die Heilige Gees in die sakramente nie goed begryp is nie.

- Daarom handel die eerste vraag van die Kategismus Sondag wat handel oor die sakramente, ook oor die Heilige Gees.
- Ons bely dat dit op Skrifgronde duidelik is dat die Heilige Gees die Bewerker en Versterker van die geloof is by die sakramente.

Hy verrig dus 'n dubbele funksie:

- Die werk van die Heilige Gees raak ons uitverkiesing by die gebruik van die sakramente. Geloof behoort tot die werke van God, en slegs mense wat die geloof ervaar, mag Nagmaal gebruik.
- Dus, slegs mense wat deur die Heilige Gees se werking die geloof het, en die geloofsvreugde ondervind.
- Maar ook mense wat geloofsmarte ervaar wanneer hulle in sonde geval het. Want dit is die Heilige Gees wat hierdie smarte (of berou) in hulle bewerk.
- Dit is sulke mense wat die sakramente gebruik tot versterking van hulle geloof.

Teenoor hierdie Gees-deurleefde mense staan dié wat emosieloos aansit aan die Nagmaaltafel – of wat sonder werklike voorneme sy kind ten doop hou.

- Dit is hierdie mense wat van die Nagmaaltafel af opstaan en by die huis verder gaan lewe in hulle sondes, en wat by die kerkdeur uitstap met hulle kind in hulle arms, en die kind nooit werklik beginselvas en tot eer van God opvoed nie.

Kom ons stel die hele saak anders, en meer korrek.

- Die wat geen emosie van berou oor hulle sondes of blydskap oor hulle verlossing het nie, is lidmate wat in ongeloof die geloofsvoorregte gebruik.
- Dit is die mense wat dus ook tot hulle eie ondergang deel in die sakramente. Want ongeloof is heeltemaal die werk van die mens en die Satan.
- Dit was dieselfde groepie wat in die paradys die verraad teen God gepleeg het – die Satan, Adam en Eva!

*Die mense wat die Heilige Gees ken, ken ook die eerste beginsels van die geloof.*

- Ons sal seker nooit in hierdie lewe van sonde 'n volmaakte geloof kan bereik nie.
- Maar die eerste beginsels van geloof sal ons tog sekerlik smaak deur die genadige werking van God die Heilige Gees.

Al kan ons nie die volmaakte in hierdie lewe bereik nie, moet daar geloofsgroei wees. En hierdie groei word bewerk deur die Heilige Gees.

Net so ook die vrug van ons geloof.

- 'n Gelowige kan nie anders nie, sy geloof moet vrugte afwerp.
- En waar kom hierdie geloofsvrugte nou vandaan? Tog sekerlik nie uit ons eie krag nie?
- God die Heilige Gees lei ons só dat ons geloof vrugte kan afwerp. Hy gee die insig en die ywer om op die regte tyd die regte gehoorsaamheid te lewer.

Die daaglikse lewe bied soveel moontlikhede om sonde te doen.

- Ons word voortdurend onrein gemaak deur die sonde in ons gedagtes, byvoorbeeld:
- Hoe sal ons nou kan goed doen as ons elke oomblik met die kwaad te doen het?
- Daarom staan daar in 1 Korintiërs 12:3 geskrywe dat ons net deur die Heilige Gees, Jesus as ons Here kan bely.

*Uit alles wat ons in die Bybel geleer word, kan ons die werk van die Heilige Gees kortliks saamvat en sê dat dit Hy is wat die lig opsteek in ons gemoed as dit daar donker word. Dit is Hy wat die duisternis van ongeloof verdryf met die lig van die sekerheid van ons verlossing.*

Die Heilige Gees doen skeppingswerk in ons siel – as ons dit so mag stel.

- Hy skep daar geloof.
- Hy herskep ook geloof waar die kwaad ons geloof tot 'n val gebring het.
- 'n Voorbeeld hiervan is die geweldige berou wat Dawid beleef het na sy sonde met Batseba.
- Hy het toe mos ook gesmeek dat God sy siel moet skoonwas.
- Dit is die werk wat deur God die Heilige Gees verrig word – skepping en herskepping van die hart.

Dit is nou ook hier waar die sakramente inpas.

- God die Heilige Gees gebruik die sakramente as middele om ons geestelike oë oop te maak sodat ons die Here Jesus Christus as ons algenoegsame Saligmaker mag sien en ken, en die almag van die Vader vervul sien, sodat ons mag glo.
- Maar ook sodat ons bestaande geloof versterk mag word.
- Die Heilige Gees bevestig dit van tyd tot tyd met die sakramente sodat ons geloof daardeur elke keer mag groei en groter word.

Die Heilige Gees se werk is heeltemal in die verborgene.

- Die Vader se werk sien ons, want alles rondom ons het Hy geskape en Hy hou dit steeds in stand.
- Die Here Jesus Christus se werk kon ook deels gesien word, want Hy het wonders gedoen, en die mense het Hom gesien en gehoor preek.
- God die Heilige Gees werk egter in die verborgene – daar waar geen mens kan sien nie.

Om hierdie onsigbare werk van Hom te kan doen, maak Hy ook gebruik van sienlike dinge, soos die sakramente.

- Die Heilige Gees gebruik ook die verkondiging van die evangelie – die sakramente is eintlik maar niks anders as evangelieprediking nie.
- Dit is net die sigbare evangelie.

*Daarom is die sakramente – net soos Woordverkondiging – tot genade en tot oordeel!*

Waarom het God brood en wyn uitgekies vir die viering van die Nagmaal en water as simbool vir die Doop?

- Omdat brood en wyn die bestanddeel was van byna elke ete in die ou Ooste,
- en omdat water tot vandag toe die simbool van reinheid is.

*So moet ons dit van God ontvang en nie daaraan verander nie. Want ons weet in die eerste plek nie soveel soos God nie, daarom kan ons nie die sakramente met ander elemente aanbied as wat God dit vir ons gegee het nie!*

Net so het die Bybel volledige voorskrifte van wie deel mag hê aan die sakramente, en wie nie. Dieselfde beginsels geld ook daarmee saam:

- Ons mag nie mense tot die sakramente toelaat wat God nie daar wil hê nie,
- maar terselfdertyd mag ons ook niemand weier wat God aan sy sakramente deel wil laat hê nie!

Sakramente en die aanbieding daarvan maak dus by elkeen van ons op die hoogste vlak aanspraak op die leiding van die Heilige Gees. Anders is die viering van die Sakramente ons nie tot seën nie.

**Nou moet ons nog daarby onthou dat die sakramente nie saligmakend is nie.**

- God gee die saligheid.
- Die Heilige Gees gebruik die sakramente net om die innerlike geloof te bewerk en te versterk.

Deur die sakramente werk die Heilige Gees ontroering en geloof in ons.

- Ontroering omdat ons diep in ons hart die hemelse vreugde belewe wat nie op die aarde bestaan nie.
- Ontroering omdat ons na God verlang, maar nog nie in die hiernamaals is nie.

Geliefdes, laat ons ons dan onderwerp aan die leiding van God se Gees, terwyl ons ons nou voorberei om weer hierdie maand die Heilige Nagmaal te vier.

Laat ons na sy stem luister en ons weerhou van dae wat God nie aanstaan nie, en laat ons die sakramente gebruik tot versterking van ons geloof.

Kom ons lees saam wat in die Heidelbergse Kategismus oor die verhouding tussen ons geloof en die Bybel en die sakramente geskryf staan in Sondag 25:

**Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?**

**Antwoord:** Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23

**Vraag 66: Wat is sakramente?**

**Antwoord:** Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.

**Vraag 67: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?**

**Antwoord:** Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (a).

(a) Rom 6:3; Gal 3:27.

**Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?**

**Antwoord:** Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 73:9, 10 (p. 369)

- 9 Hoe voel ek nou my sondesmart! / Toe ek, verbitterd in my hart,  
in eie warnet ingewikkel, / diep in my niere was geprikkel,  
was ek voor U, o wyse God, / in al my woorde dwaas, 'n sot.  
Ek was, vir alle wysheid sku, / net soos 'n domme dier by U.

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –  
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.  
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,  
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlijkheid.

Die genade van die Here Jesus Christus, en die liefde van God, en die gemeenskap van die Heilige Gees, bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 2 Augustus 2009